

BOEDELBELASTING

Polis net vrygestel van taks as jy als reg doen



RAAD MET JOU RANDE

NICO VAN GIJSEN

Ek kyk vandag na twee boedelbelasting-slaggate vir sake-eienaars ten opsigte van koop-en-verkooppooreenkoms. Die eerste het te doen met die verkeerde inwerkingstelling van koop-en-verkoopversekering. In die meeste gevalle waarmee ek te doene kry, is dit verkeerd gedoen. Die tweede gaan oor die waarde wat die sakebelang in jou boedel het, ondanks die koop-en-verkooppooreenkoms.

Net eers agtergrond. Die doel met 'n koop-en-verkooppooreenkoms is om 'n verpligting - nie 'n opsie nie - te plaas op 'n oorlewende vennoot (aandehouers en lede van beslote korporasies ingesluit) om die oorlede party se belang oor te koop by dood. Daar is goeie redes daarvoor.

Die oorlewende vennote wil nie later met familieledes in die saak opgeskep sit wat dalk nie kennis van die saak het nie, of waarskynlik meer in passiewe inkomste belang stel as om die saak self uit te bou. In wese gaan dit hier oor die voortsetting van die saak en die versorging van die oorledene se naasbestaendes uit die opbrengs van die verkoop van sy of haar belang in die saak.

Daarom word versekering op mekaar se lewe geneem. Dit is 'n seker manier om finansiering beskikbaar te stel en beslis die goedkoopste manier om finansiering te kry.

Die probleem ontstaan by die toepassing van die Boedelbelastingwet (Wet 45 van 1955), wat bepaal dat die opbrengs van lewenspolis, al betaal dit aan iemand anders uit, as 'n geagte bate in jou boedel opgeneem word en dit dus onderhewig maak

aan boedelbelasting.

Die wet stel egter die opbrengs op sekere polisse vry van boedelbelasting, maar dan móét daar aan sekere vereistes voldoen word.

In die geval van koop-en-verkoop-polisse moes die polis uitgeneem gewees het deur iemand wat tydens die dood van die persoon op wie se lewe die polis uitgeneem is, 'n vennoot van daardie persoon was. En geen premie op die polis moes deur die oorledene betaal gewees het nie.

Maar in die meeste gevalle waarmee ek te doene kry, word die premies betaal deur die onderneming en nie deur die vennote op mekaar se lewe, soos wat die wet vereis, nie.

Hierdie polisse is nie vrygestel nie en dit kan dubbele boedelbelasting tot gevolg hê. Ek kan net dink dat dit die gevolg is van sommige makelaars wat te haastig is om by die kommissie uit te kom en nie genoeg aandag gee aan die korrekte inwerkingstelling van die polis nie, want dit behoort basiese kennis te wees.

Die gevolg van verkeerde inwerkingstelling is die boedelbelasting van 20% waaraan die polisopbrengs onderhewig sal wees en die gevolglike geldtekort wat dit meebring vir die koop van die oorledene se belang.

Die tweede slagat wat ek opmerk, is dat vennote geneig is om te dink as hulle polisse uitgeneem het en die belang kan deur die oorlewende party uitgekoop word met 'n polis wat vrygestel is van boedelbelasting, is dit die einde van hul boedelbelastingprobleme. Dit is nie so nie.

Jou belang in die onderneming is steeds 'n bate in jou boedel en vatbaar vir boedelbelasting. Dis net die opbrengs op die polis - met korrekte inwerkingstelling - wat vrygestel is, nie jou belang ook nie.

Alles in ag genome, Jan Taks is nie Kersvader nie. Dit is juis omdat jou belang opgeneem word in die boedel dat die polisopbrengs vrygestel kan word van belasting.

► Nico van Gijsen CFP® is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf na Hulp met Kleinsake, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of stuur e-pos na nico@finlac.com.